Gratis boek - mag nie verkoop word *nie!*

Riviere in die Woestyn

Boere se getuienisse van hoop

Saamgestel deur Chrissie Naudè

Inleiding: Chrissie Naudé, sameroepster van die Naudé familie.

Dit was ’n groot lekkerte om die getuienisse van die familie aan te hoor en te tik. Dis vir my so ’n seën om te sien hoe die jonger geslag die Here vertrou en hoedat God getrou is om hulle geloof te eer.

Die gedagte van so ’n boekie moes van God gekom het en ek is dankbaar dat ek gehoorsaam was aan Sy sagte influistering en die begeerte wat Hy my gegee het om dit te doen.

Ek kan maar noem dit was toe ons vroeër in die jaar by Coreen-hulle in Centurion in Pretoria gekuier het. Net voordat ons ry het ons saam gebid en terwyl ons bid het die gedagte by my gekom en ek het dit vir hulle genoem, nie wetende waar dit sou begin nie. Toe is ek na die Vrystaat waar ek vrywilliglik gedwing was om te begin toe ek die wonders hoor wat daar gebeur het.

“Vergeet al die dinge wat in die verlede gebeur het. Dis niks in vergelyking met wat Ek nou gaan doen nie. Ek gaan iets nuuts doen. Dit het alreeds begin gebeur! Sien julle dit nie? Ek maak ’n pad deur die woestyn vir my volk om huis toe te kom! Ek maak vir hulle riviere in die woestyn! Die wilde diere sal dankbaar wees daaroor. Die jakkalse en die volstruise sal bly wees omdat Ek vir hulle water in die woestyn gee. Ek maak fonteine in die woestyn sodat my uitverkore volk hulle dors kan les. Ek het hierdie volk vir Myself gemaak sodat hulle My sal eer.”

Jesaja 43:18-21 NLV

****

RIVIERE IN DIE WOESTYN – BOERE SE GETUIENISSE VAN HOOP

Saamgestel deur Chrissie Naudé

Kopyreg © 2016 EAR2HEAR. Alle regte voorbehou.

Saamgestel deur Chrissie Naudé, Proeflees deur Martie Olivier en D. Swanepoel

- Vir meer inligting skakel gerus by info@ear2hear.co.za (epos)
- Laai hierdie boekie af gratis of kry nog foto’s van die droogte by www.ear2hear.co.za (web)

Skrifaanhalings is geneem uit Die Nuwe Lewende Vertaling © 2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.

Burgert van Weltevrede se Getuienis - Junie 2016.

Die Oestyd: Ons bid vir reën

Ek wil net getuig wat die Here vanjaar vir ons gedoen het. Dis nou Juniemaand 2016 en in Oktober 2015 tot Desember 2015 het ons as gesin (Pa Piet , Ma Elma, Piet , Eben ons vrouens en kinders) gebid vir reën, almal het die boere opgedra in hulle gebede.
Ons wou almal reën gehad het, want dit is tradisioneel die boere se planttyd en dis die tye wat ons moet oes insit.
'n Mens gaan maar in die tyd skuld aan en een of ander tyd moet jou skuld betaal word.
Almal het gebid dat die Here vir ons reën moet stuur.

Die grootste getuienis.

Maar die grootste getuienis is dat, die Here alles in Sy hande het.

As dit Novembermaand 2015 gereën het, al het dit 25 mm gereën, het die mense in ons wêreld almal geplant, en almal se oeste sou opgekom het en verdroog het. Ons het tot en met die middel van April 2016 net 120 mm reën gehad, dit was die totale reënval vir hierdie jaar. Ons reënval word gewoonlik van Septembermaand af gemeet. Die Here het eers Januarie 2016 reën gestuur.

Van die skifgedeeltes waarmee die Here ons bemoedig het:

November 2016 .

Sagaria 8:12-13 *" Want die saad van vrede, die wingerdstok,sal sy vrug gee, en die aarde sy opbrengs lewer, en die hemel sal sy dou skenk; en die oorblyfsel van die volk sal Ek al hierdie dinge laat beërwe".*

Desember 2016.

- *Jesaja 43:1-2 "Maar nou, soos die Here, jou Skepper, O Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie".*
- *Jesaja 62: 4 "Maar jy sal genoem word: my welbehae, en jou land: die getroude; want die Here het 'n behae in jou, en jou land sal getroud wees".*

- *Jesaja 65:23 "Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur die Here geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle".*
- *Jeremia 23: 3 "En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig".*

Begin mielies plant op die 10 de Januarie 2016

Ons het Januariemaand 2016 reën gekry en ons het begin plant nadat ons omtrent 30 mm reën gekry het. Ons het op 10 Januarie 2016 begin mielies plant en die oes ingesit. Ons was bekommerd gewees, want ons as boere spot mos altyd, dan sê ons: "*Ons plant tot die 40ste Desember*."

Jy rek maar jou Desembermaand uit, jy wil nie sê jy het geplant in Januariemaand nie, want ons weet dit ryp in Aprilmaand en as dit geryp het dan is jou oeste daarmee heen. Ons het geplant en ons het baie gebid daaroor en die **HERE HET ONS VREDE GEGEE** en ons het met Rodney Seale gepraat en hy het gesê: "*Gaan aan."* Die Here het vir hom gesê dat Hy die ryp gaan terughou.

Gedurende hierdie tyd gee die Here vir my:

- *2 Timoteus 1: 7-8 " Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God".*
- *Jesaja 35:3-4 "Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos".*
- *Jesaja 41:10 " Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand".*

Begin ook sonneblomme plant

Die mielieplanttyd was toe vir 'n paar dae oor. Van ons wat opgehou het om mielies te plant, het 'n paar dae gewag en toe op 20 Januarie 2016 begin om sonneblomme te plant tot die einde van Januariemaand.
Boere spot altyd, dan sê hulle: "*Jy moet 'n almanak langs die draad plant dat die sonneblomme kan sien wat die datum is dat hulle kan blom maak en klaarkry*",
...maar die Here ken alles en is in beheer van die situasie.

Die Ryp bly weg – prys die Heer!

Die mielies begin groei en ons het vertrou op die Here dat die ryp sou wegbly. Daar het 'n koue front ingekom middel van April 2016 en daar was 'n klein ligte ryp, baie, baie lig.

Ons spel ryp as "**R Y P**" maar die Here spel ryp as "**R E Ë N**" toe gee die Here vir ons 65 mm reën in die tyd wat ons ryp moes kry!

Jesaja 41:10 "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand".

Reën weer na 3 weke

Ons het toe 3 weke daarna weer reën gekry - en ons is amper in die middel van Juniemaand 2016 - en ek was vanmore in die lande en daar is nog steeds mielies wat besig is om ryp te word. Wat 'n Genade.

Schmieta-jaar – alle skuld uitgedelg.

Jy kan sien dit is God se Schmieta-jaar, want Hy is besig met Sy kinders; om sy mense te herstel; sy volk te herstel; en ons te herstel.

Hy gaan ons herstel, finansieel herstel, ons in 'n nuwe seisoen plaas, skuldlas uitdelg; en dis net die Here wat dit doen, nie ons nie, want sy woord sê so.

Vraag:

Het al die boere hier om julle geplant? "Nee, ons is van die min boere wat geplant het".

Hoekom het die ander nie geplant nie? Hulle het seker gedink dit is te laat, maar ons bron is nie die mielies nie, ons bron is die Here, en die Here het geweet wat gaan aan. Dis hoekom ek sê: "As ons Novembermaand 2015 reën gekry het was dit 'n mislukking, dan het almal geplant en alles sou doodgebrand gewees het." Oeste wat wel in Novembermaand 2015 geplant is lewe nie, daardie mense oes nie.

Wanneer begin julle oes? "Einde van Juniemaand 2016, begin Julie 2016 gaan ons oes en as dit vroeër geryp het sou ons nou al lankal begin stroop het, dan sou die mielies doodgeryp het en die oes sou minder as die helfte gewees het en ons gradering sou 'n probleem gewees het.

Sonneblomme besonder groot

Die sonneblomme is reg, ons het sonneblomme verwag , nie groot koppe nie, maar die klein koppe het ons verwagtinge oortref. Dis is net Genade en beloftes .
Jesaja 62:4 "**en jou land sal getrou wees**."

Landbouers vir die Heer.

Al die eer aan die Here! Die Here het al hierdie goed vir ons gegee, ons toevertrou daarmee en Hy het ons aangestel as landbouers en ons probeer om dit na die beste van ons vermoë te doen en ons dank die Here daarvoor.
Ek sê altyd: "*Mens moet 'n spanner wees in die hand van die Here, as die Here sê jy moet nommer 19 wees , moet jy nie 'n 18 of 20 probeer wees nie*".

Alle eer aan die Here –niks aan ons nie.

Ons as mens is net 'n instrument, ons moet net gehoorsaam wees en ek kan mense net bemoedig.
Ek het gesien daar is mense wat selfmoord gepleeg het. As 'n mens net vir daardie mense kon sê dat jou situasie in een dag kan verander**.**
Die 16de April 2016, as 'n reël in die geskiedenis - is dit 'n ryptydperk - ons weet dis ryp maar die Here het geweet dis reën... en toe gee Hy vir ons reën.

Vertrou die Here dat die ryp wegbly.

Ons vertrou steeds dat die ryp nog gaan wegbly totdat die mielies gereed is vir die oes, ons is nou al in ons 7de week van grasie, van genade.

Prentjie van 2 manne wat druiwetros gedra het in die Bybel.

Dis soos die prentjies wat ons altyd sien van die manne wat met die 2 trosse druiwe loop in Israel, wat met die stok oor die skouer loop. Ons sien dit vanjaar, dis God se *Schmietajaar*.

25 Julie 2016.

Tannie Chrissie bel vir Burgert om te hoor van die mielies: "Orals in die land reën dit nou baie en dis eintlik oestyd vir hulle", was sy antwoord.
Ons het 50mm reën gehad, maar dit is nie skadelik vir die mielies nie, ons wag nou net dat dit droog word sodat ons kan oes. Eintlik is die reën 'n groot seën, dit was 'n baie droë jaar gewees, nie eintlik reëntyd vir ons in die winter nie, maar ons is dankbaar.

26 September 2016.

Tannie Chrissie bel weer vir Burgert. Hulle het middel Augustus 2016 begin oes toe die mielies droog genoeg was en sal 28 September 2016 klaar wees met die hulp van die Here.

Ons is baie dankbaar vir ’n geseënde oes, al die eer aan die Heer wat ons gehelp het en voorsien het vir reën asook die implemente en mense wat kon help om die oes in te samel. Anders as ander jare, het sommige mielies nie hoog gegroei nie, maar hulle het elkeen ten minste 2 mieliekoppe aangehad, wat natuurlik kleiner was as die gewone.
Die groot mieliestroper kon nie al die lae mielies in die hande kry nie en ons het mensehande gekry, ongeveer 160 van hulle, om die mielies op te tel agter die stroper . Ons het die outydse dorsmasjiene op die lande gebring om die mielies te stroop. So het Vader ons wysheid gegee en gehelp dat niks verlore gegaan het nie.

ALLE EER AAN DIE HERE VIR SY GETROUHEID

Jesaja 26:4 Vertrou op die Here vir ewig, want die Here Here is ’n ewige rots.

Ons dogter Nadine se ongeluk

Getuienis van Nadine wat seergekry het toe die motorfiets op haar geval het. Daardie aand wou hulle haar nie opereer nie - maar daardie aand het hulle toe ’n noodoperasie gedoen en die Here het haar lewe gespaar en ek dank die Here daarvoor.

Ek staan verstom oor wat met daardie kind gebeur. Baie keer wonder mens hoekom gebeur sulke dinge, dan besef mens nie wat het die Here in stoor vir jou het nie. Dit het haar baie nader aan my, Anri en aan die Here gebring.

Sy is elke dag met God se Woord besig. As sy naweke huis toe kom dan vra sy my vas oor die Bybel, dit wys jou die Here leer haar self. Ek kan haar partykeer nie antwoord nie, dis die Here wat haar self leer.

Maar sy is deur dit , en die Here is so genadig dat sy vandag lewe en dat ons saam kan wees.
Hieronder volg Nadine se getuienis.

Liefdegroete
Burgert van Weltevrede
Wesselsbron, Suid Afrika

Nadine Naudé se Getuienis - Junie 2016.

Nadine dank die Heer!

Ek wil die Here dank dat Hy my lewe gespaar het, ek was in ’n 4-wiel motorfiets ongeluk gewees op die 5 de September 2014.

Met 4-wiel motorfiets op die plaas gery.

Ek het op ons plaas Weltevrede, ’n ent van ons huis met die 4 wiel motorfiets rondgery. Ek het deur die boomlaning gery en het langs die teerpad afgery onbewus van die sloot wat daar was.

Dank die Heer -buurman Tiaan Horn ry verby en help my.

Dank die Here, Oom Tiaan Horn, ons buurman, wat op die teerpad verbygery het, het alles gesien wat gebeur het. Hy het sy werkers huis toe gestuur om vir my ma-hulle te gaan roep. Hy het daar by my gebly en na my omgesien en toe my familie daar kom het ek in sy arms gelê.

Nadine bewusteloos vir etlike minute – sy vertel.

Ek was op daardie stadium nie bewus van wat gebeur het nie. My sussie Elandri sê sy het by my gekom en gesien dat ek bewusteloos was. Ek was volgens Oom Tiaan toe al ongeveer 10 minute uit gewees. Elandri het my op my naam begin roep en toe het ek begin om baie diep asem te haal en oor my maag gevryf.
Ek het haar gevra: ‘Sussie help my’, ek reken ek was so ongeveer 4 meter van die sloot af, m.a.w. die motorfiets moes my so ver gegooi het. Die motorfiets was nog aan en het ook ’n ent verder gelê op sy 4 wiele.

Dr. Japie gee ’n inspuiting.

Daar was ’n swart man wat ook daar op die toneel was en hy het die Staatsambulanse gebel. Ons het die dokter gebel om te kom en twee Staatsambulanse het van Hoopstad gekom. My pa het my in sy motor gelaai tot by Wesselsbron waar hulle my toe in die ambulans gelaai het. Dr. Japie en Eduan-hulle was ook gou by die ongelukstoneel en daar het hy my onmiddellik vir pyn ingespuit.

Per ambulans na Welkom Medi Kliniek.

Ek is toe per ambulans na Welkom Medi-Clinic geneem en hulle het my opgeneem en toe het hulle x-strale geneem van my been wat skeef gestaan het. Volgens die x-strale sou ek eers die volgende oggend opereer word , maar ’n halfuur later kom hulle agter ek word al hoe swakker en ek het gekla oor seer oor my maag, vertel hulle.

Die Chirurg skandeer- wys milt het gebars – moet verwyder word.

Die chirurg het toe uitgekom en my maag geskandeer en vasgestel dat my milt gebars het en dat my een nier ook seergekry het, en toe het dieselfde aand ’n noodoperasie gedoen. Half een die nag is ek uit die teater na ’n 2 uur lange operasie en na die ICU afdeling van die hospitaal geneem.

Maandag geopereer vir been wat gebreek is.

Ek was die hele naweek in die ICU met my been in traksie en Maandagoggend is ek geopereer vir my bobeen wat gebreek was en die dokter het ’n pen ingesit.

In ICU het Iemand met ’n groot hand my aangeraak.

Terwyl ek in die ICU was het ek gewaar dat iemand met Sy groot hand my hand vashou en ek het ook Sy hand op my skouer gevoel. My pa was nie naby my nie en ek het besef dit was ’n Hoër hand wat my aangeraak het.

Vir 10 dae oorgeplaas na gewone saal.

Ek is oorgeplaas na die gewone saal die Dinsdagoggend en daar het ek 10 dae gebly voor ek huis toe gekom het en ek moes van voor af leer om te loop.

5 Weke uit Potchefstroom skool gewees.

Ek is ’n student van Potchefstroom Gimnasium skool en was vir 5 weke uit die skool voordat ek weer terug is, en wel met die begin van die 4de kwartaal. Ek het met krukke geloop na die klasse toe. EK het ook fisioterapie gekry vir 6 weke lank.

Na 1 jaar is pen uit been gehaal

Ongeveer een jaar daarna is die pen uit my been verwyder wat ek tydens die operasie gekry het. Al die ere aan die Heer wat my gespaar het en my deur die hele proses gedra het.

Dankie vir ouers, sussies en vriendinne

Ek is ook baie dankbaar vir my dierbare ouers en sussies en vriendinne wat my altyd gehelp het by die skool om my tas te dra ens.

Ma Anri vertel – sy het aangegaan met atletiek en die Gimmie Guts-beker gekry – ’n wonderlike getuienis, ere aan die Heer.

Afgesien van die besering het sy nog steeds aangegaan met atletiek, alhoewel sy nie alles gedoen het soos dit moes wees nie, maar op haar manier probeer doen.
Waar sy altyd ’n A atleet was het sy toe ’n B atleet geword, al het die dokter gesê sy mag nie sport doen nie,

En toe sy netbal begin speel, het die netbalafrigter haar geakkommodeer deur haar in ’n posisie te sit waar sy nie so baie met haar been hoef te werk nie, en sy het enduit saam met hulle gespeel tot by SA’s.
Sy het die Saterdag gespeel en die Maandag in Augustus het hulle die pen uit die been uitgehaal.

Aan die einde van die jaar het sy die Gimmie Guts-beker gekry , wat baie min persone op daardie stadium al ontvang het, omdat sy ten spyte van die beserings nog steeds deelgeneem aan die skool se sport.
Die volgende jaar 2015 het ek “Bokkie week” span gekry het en baie dankbaar dat ek weer die voorreg gehad om ook die 2016 bokkie week span te verower verlede naweek.

Liefdegroete
Nadine Naudé
Wesselsbron, Suid Afrika

Dries Naudé se Getuienis - Oktober 2016

Ek skryf graag ’n kort opsomming van my getuienis, ‘n pad wat ek moes stap met my gesondheid in November 2015.

Agtergrond: 2015 was vir my ’n baie besige en stresvolle jaar by die werk en teen Oktober/ November het ek ernstige balansprobleme ervaar met sporadiese hoofpyne in my agterkop. Na verskeie toetse is ek gediagnoseer met ’n breingewas in my kleinbrein teen my breinstam . Dit was die 11de November 2015. Die dokter het gesê hulle sal dadelik moet opereer, aangesien die gewas kan vergroot en meer druk op my breinstam, waar al my senuwee-sentra is. sou veroorsaak.

Hierdie nuus was ’n groot skok vir ons en my vraag aan die chirurg was wat die risiko’s van die operasie sal wees. Sy antwoord was 50/50 op sukses vir normale funksie, maar die plek waar hy gaan opereer is langs my sentrale beheersenuweestelsel en hy kan niks waarborg nie.

Ek is toe op die 19 de November geopereer en was 6 ure in teater. ’n Vriendin van ons was toevallig in die teater saam met die dokters en het deurgaans vir my ingetree. Ek het buitengewoon baie gebloei. maar die operasie was ’n sukses. In totaal was ek ’n maand lank in die hospitaal, het terapie ontvang om my balans te verbeter en na my hospitalisasie was ek ongeveer vier maande tuis om te herstel.
Ek werk weer tans en dit gaan baie goed.

Ek wil vandag eer aan God bring wat my deur my siekbed gedra het, herstel het en my weer ’n kans gegee het om te lewe.

Aan al die familie en vriende wat vir ons gebid het ook baie dankie.
Verder wil ek vir Christel my vrou eer vir haar dapperheid, geloof en getroue liefde in hierdie tydperk van ons beproewing. (Christel was nie eers seker of ek haar ooit weer sal herken nie, maar die Here was ons genadig.)

Ek is vandag ’n lewende getuie van Sy genade en trou. Vir die van julle wat voor ’n gesondheidsuitdaging staan, gee ek graag hierdie skrif: Psalm 41:4 “*Die Here sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is*”.

Liefdegroete
Dries Naudé
Pretoria, Suid Afrika

Theunis Pretorius se Getuienis - Julie 2016

(meer foto's beskikbaar op www.ear2hear.co.za)

Die Daniëlvas en God se Openbarings.

Ek doen altyd 'n Daniëlvas vir 40 dae, en vandat ek dit doen het die Here baie goed met my gedeel tydens daardie tyd, en dit was laas jaar gewees rondom Septembermaand . Die Here vir my, nie in soveel woorde gesê nie, ek het maar baie literatuur ook gelees wat die Here vir die profete in die wêreld sê - wat toe uitgekom het is dat dit is 'n super Schmieta is, wat laas jaar begin het, m.a.w. dis die 49ste jaar en omdat ons dit nie meer hou nie het dit in pleks van 'n seën, waar dit elke 7de jaar 'n rus-jaar moet wees en 'n super Schmieta skuldafskrywingsjaar moet wees, het dit omgedraai en die Here se "*oordeel*" het op die wêreldmarkte gekom.

By Jonathan Cahn geleer.

Die Here het vir my daardie dinge baie duidelik gewys deur Jonathan Cahn, 'n Joodse Rabbi. Hy het twee boeke geskryf rondom "*The Mystery of the Schmieta*" en hoe dit ons almal raak en dis God se siklusse wat ons nie raaksien nie.

Die Here sê : "Plant wit mielies".

Na die erge droogte was almal baie bang en onseker en het nie geweet wat om te doen nie.
In daardie tydperk het die Here vir my gesê ons boerdery moet **net wit mielies** plant, en hier kom 'n groot geleentheid vir wit mielies. Die prys was op daardie stadium R2200 per ton en hier kom 'n geleentheid op die markte en ons moet wakker wees.

Die planttyd gaan verby.

Waar ons gewoonlik die 25ste Oktober begin plant, kon ons eenvoudig nie plant nie - dit het net nie gereën nie. Oktober 2015 het gekom, November 2015 het gekom.

Skrif van Here ontvang om te plant.

Die Here het deur sy WOORD vir my Skrif gegee in Prediker 11:4 "Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie na die wolke kyk sal nie oes nie". Dit sê ook in vers 6: "Saai jou saad in die more, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of al twee saam goed sal wees nie".

Ons plant - bitter min reën.

Ons het 23 mm in Oktober 2015 gekry en in November 2015 net 27 mm en in Desember slegs 10.60 mm wat 60 mm is, waarvan ons baie keer 1 mm 3 mm en 5 mm gehad het wat die hitte en warm westewinde soos niks laat verdamp het.
Om die ramp in perspektief te stel is om langtermyn reënval vir Oktober 62.69 mm, November 83.88 mm en Des 92.74 mm wat 'n totaal van 239.31 mm gee so ons was 179 mm onder die gemiddeld vir die drie plantmaande. Ons het 10 mm op 25 Oktober 2015 gekry en die volgende dag, 26 Oktober begin plant. Die tegnologie op planters deesdae kan jy die afdruk tot op 350 kg per planter eenheid afdruk en "row cleaners" opsit wat die droë grond kan wegvat om te plant. Ons kon net "*Bingfield"* plant met die min reën en toe weer gewag vir reën.



Lande droog soos 'n woestyn!

Groot saaiboere in Ficksburg plant nie.

Die 20 ste November het ons weer 22-29 mm in die distrik gehad. Ons het toe net 10 % van ons aanplanting geplant, Ons het toe 24/7 begin plant want ons normale planttyd is einde November verby. Die grond was so verkeerd om te plant, die saadbed was letterlik poeier en my 27 jaar ondervinding van someroeste plant was tot op 99.9999 % getoets.
Ek wou stop, Sakkie (Naudé) my seun, het geplant en ek het gesê: "*Bulle gaan maar net aan, plant net*". Ek en Stefan en my vennoot Xavier grawe agter die planters, dan sê ons: "*ons plant op grond van GOD se woord, nie in nat grond nie* ". Ek het letterlik beleef hoe Moses gevoel het voor die Rooi See, hoe Abraham gevoel het met Isak op die altaar. Jy glo en vertrou teen wat die werklikheid en gesonde verstand vir jou sê.

Planttyd is verby – plant in die geloof.

In Desember het ons 5 mm op die 12 de Desember gehad en planttyd vir mielies is verby, totaal verby in die Oos-Vrystaat, die grond was letterlik poeier, die vog was omtrent 20cm

ver weg, jy kan nie daar plant nie, die grond was poeier en die Here het net vir my gesê: "*Plant in geloof, moenie kyk na die wolke nie, plant in geloof*".



Ons plant in geloof!

'n Landboukundige se opinie gekry.

Ons moet proewe plant op van die droogste lande want die landboukundige het met 'n grondboor kom boor en gesien dat die vog op 50% van die veldwater se kapasiteit was. Hy het 'n baie 'grand' masjien wat vog toets en toe hy vog wou toets toe is die battery pap en kon ons nie sê hoeveel vog in die profiel is nie.
Ons het teen alle normale nugter feite geplant asof jy weet nou maak ons baie droog, ons is eintlik baie dom en onverantwoordelik. As jy in sulke omstandighede plant dan stik die pitte, m.a.w. die pit begin swel en dan maak hy 'n worteltjie, en dan is daar te min vog dat hy behoorlik kan ontkiem dan stik hy – m.a.w. hy stop om te groei en gaan dood !!!

Gebid en plant reeds 20 dae na spertyd.

Op dié stadium was dit die 17 de Desember 2015 en ons het teen alle verwagting en feite die blok proefmielies geplant. Op hierdie stadium het wit mielies toe verby R 4000/ton op die SAFEX beurs gegaan, iets wat niemand in September kon glo nie. Ons het land vir Suikerbone oopgehou en het toe besluit om op hulle ook wit mielies te gaan plant. Die spesifieke plaas het baie diep Hutton Rooigrond wat water baie goed dreineer , m.a.w. die vog raak gou weg, toe ons daar begin plant was dit soos woestyn en poeier grond.

Mielies kom op - God maak iets vanuit niks.

Ons het die 22 ste Desember 2015 ons mielies klaar geplant, en saam met die familie by Aldam gaan kamp tot die 28 ste Desember.Daar het ons as familie baie ernstig gebid en vir VADER reën gevra en dat die ryp moet wegbly. Toe ons terugkom staan daardie rytjies mielies, daar het ek net gesien dat God in die woestyn, mieliepitte kan laat ontkiem en onstik pitte wat dood was het weer lewendig geword.

Ons het een blok wat vroeg geplant was, hier naby Ficksburg (naby die teerpad wat ons hier by die 25 ste Oktober 2015 geplant het). Dis nogal 'n ultra kort mielie m.a.w. hy is baie vinniger as jou medium groeiseisoen mielie. Al die boere het daar verby gery en in die dorp gesê: "*Theunis en Xavier het nou droog gemaak, hoe kan hulle sulke mielies plant en dit het letterlik gevrek*".

Dit begin reën.

En ons het begin reën kry op die 22ste Januarie 2016, toe is daardie mielies in die saad, hulle was so heup hoogte, en ons weet hoe hoog is mielies wat in die saad is, jy kan nie eers die punte raak as iemand op jou skouers sit nie.

Mielies wat uit die dood gekom het – "*Lasarus mielies*".

Daardie goed het in die saad gekom en dit was letterlik dooie mielies wat uit die dood uit gekom het, hulle het begin praat van die "*Lasarus mielies*". Die mielies daar by "*Bingfield"*? Daai kort mielies het elkeen twee koppe begin maak. Ons het hulle nou klaar gestroop en nadat ons gemaak op "*Bingfield*".



Mielie pitte ontkiem - Lazarus Mielies

Plant Sonneblomme.

Die 21 ste Januarie 2016 begin ons sonneblomme te plant, wel in boeretaal is dit totaal verby. Op die 28 ste Januarie 2016 het ons klaar geplant, die boer sê altyd jy moet 'n kalender aan die draad vaskram dat die sonneblomme kan sien wat is die datum. Ons het weereens gesien dat jy moet plant en bid. Soos my skoonpa Dolf altyd gesê het "*spit en bid*".
Ons het reeds klaar gestroop en het 1.357 Ton/Ha klaar gemaak.

22 Januarie 2016 begin dit reën op Smalfontein.

En toe kom Januarie, en die 22ste Januarie 2015 toe kom hier 'n reënbui op my plaas Smalfontein waar ek bly, ek kry 65 mm in 'n kwessie van een uur en, mens kan deur die hele distrik van Ficksburg ry... Senekal, Marquard.

Maar Ficksburg waar ons bly, is daar drie damme wat vol is en daardie damme is almal op Smalfontein, daar waar ek bly.

Ryp bly weg.

Ons ryp kom gewoonlik tussen 15-30 April en gewoonlik na so 'n droë jaar kom die ryp vroeg, en ek onthou in 2007 met die droogte daai jaar het ons al op die 19 de Maart 2007 kwaai ryp gehad wat toe 600 Ha mielies doodgeryp het.
Op die 19 de April 2016 het dit liggies geryp en het nag temperature -1 grade gegaan . Ek het geleer ons moet VADER dag vir dag vertrou en nie te ver vooruit moet kyk nie.

Die ryp het April, Mei en Junie weggebly en ons mielies en sonneblomme het geen koue of rypskade gekry nie.

Die fokuspunt moet die Here wees.

Die getuienisse is wonderlik maar die grootste getuienis is dat die Here vir my net een ding weer gewys het: ons is Sy bruid en Hy kom terug vir 'n vlekkelose bruid, ons jaag nog steeds die oes en ons kort nog steeds die toerusting en die Heer moet nog vir ons daardie sleutel gee. HY moet die fokuspunt wees. Hy wil nommer een wees in ons lewe, Hy wil hê ons moet Hom in elke oomblik eerste stel en ons moet weer lief word vir VADER!

Ons het afgode - die Here haat afgode .

Ons het afgode gaan maak van dinge, en as daardie goed reg loop dan sê ons: "*Die Here het ons geseën*". En dit is so, ons moet finansieel geseënd wees, maar die Here is groter as dit en ek glo dat hier nog baie, baie moeilike tye kom en die kerk as geheel gaan nie gereed wees nie. Die Here wil hê ons moet ekstra olie hê, soos die vyf verstandige maagde ekstra olie gehad het .

Die Here wil hê ons moet alle afgodediens in ons lewe aflê, dit kan sport wees; dit kan gemak wees. Ons moet al hierdie goed aflê en God wil nommer een in ons lewe wees. Ons moet nie meer kerk toe gaan en meer tiende gee nie, dis nie wat ek bedoel nie. Die Engels sê dit so mooi , "***We must pursue God in the person, we must pursue I Am***",
Hy wat vir Moses gesê het "*I Am*". En die hartseer is dat Moses nie ingegaan het in die beloofde land nie. Hy het dit net met sy oë aanskou, hy het dit net van ver af gesien. En dat die Here ons wil laat ingaan, die Josua en die Kaleb generasie, dat ons ingaan in die beloofde land in.

Jou siel laat uitgaan na hulle wat neergeboë, wees en arm is.

In 2010 op die 16 de September het *MD Foundation* begin. Ons was toe 7 boere wat al ons besittings, vaste en los bates bymekaar gegooi het vir die groot opdrag in VADER vir ons in Jesaja 58:1-14 gegee het.

Jesaja 58:5 – 8 *"Is dit die vas wat Ek verkies, die dag as die mense sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit om te vas en 'n dag wat die HERE welgevallig is? Is dit nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? Dan* ***sal*** *jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit: en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE van die HERE jou agterhoede wees".*

Dit is vandag 6 jaar terug en ons het nou reeds 12 gesinne en oor die 220 permanente werkers wat hier saam werk om die koninkryk van VADER prakties uit te leef. Ons het reeds 'n Hospies, kliniek en 'n skool gebou en is met verskeie gemeenskapsprojekte besig om Ficksburg terug te wen en die grondgebied op alle terreine te onderwerp aan GOD se gesag.

Nog geweldige uitdagings op die plaas.

Ons sit met geweldige uitdagings in ons boerdery, ons sit met uitdagings van te veel skuld, winsvlakke wat bitter, bitter laag is. VADER wil sy Eindtyd Bruid leer hoe werk KONINKRYK beginsels in terme van Kerk, Familie, Opvoeding en Onderwys, Regering, Media, Kuns & Kultuur, Vermaak... en dat kerk nou op die markplein en besigheidswêreld is.

Bid vir strategie en wysheid.

Ons bid dat die Here vir ons regtig strategie en wysheid sal gee - en ons wag op Hom. Ek wag op die Here hoe moet ons uitbrei, wat ons vorentoe moet doen.

Liefdegroete
Theunis Pretorius
Ficksburg, Suid Afrika

Willie en Gerty Harmse se Getuienis – Julie 2016

Ons familie is baie jare in boerdery en kon God se skepping ervaar.

Soos baie van ons neefs en kleinneefs is ons al baie jare in die boerdery. Ons was bevoorreg om jaar-na-jaar met God se natuur en diere mee saam te leef en so die wonder van Sy skepping te aanskou en te ervaar - soos om te sien hoe 'n mieliepit deur die aarde bars met pragtige groen blaartjies wat getuig van Sy wonder; om 'n lammetjie te sien gebore word, volmaak en elke aspek; 'n boer te sien lag as dit reën en weer met alle mag die hand aan die ploeg te slaan. Dis sulke dinge wat die Woord vir ons laat leef.

Boere het jare gelede saamgekom en gebid vir reën.

Dan beleef ons ook jare waar ons moet stry teen die natuur, soos storms, droogte, oorstromings wat nie maklik is nie. So herinner ek my ook aan 'n tyd baie jare gelede waar die droogte ook baie erg was en die boere in ons kol Kommandodrif, besluit het om elke Donderdagoggend om half 8 saam te kom om 'n biduur te hou by een van ons plaasskole, Humansvlakte. Die boere kry dan elkeen 'n beurt om die Woord in die oggende te bring. Ek moet meedeel dat daardie biduur stand hou tot vandag en boere nog getrou dit hou en bywoon. Ek glo dis a.g.v. van al die gebede wat daar opgaan vir ons omgewing, dat die Here so goed is vir ons in hierdie kol.

Willie en ek het afgesonder om in te tree vir die nuwe plantseisoen.

Wat die afgelope jaar betref, het ek en Willie ons in Augustus 2015 afgesonder, soos elke jaar, om in te tree vir die nuwe plant seisoen. Daar het ons beloftes ontvang waarmee ons met geloof die nuwe jaar kon begin.
Soos almal weet, het die reën weggebly, storms was heftig vir maande, kos het min geword, en tog in ons harte het ons bly glo en gesê dat die Here nog altyd getrou was en ons jare al deurgedra het. Hy sal ons nie teleurstel nie.

Met 'n bietjie reën stukkies geplant.

Met elke bietjie reën wat ons gekry het, kon Willie en Naudé stukkie vir stukkie plant. Daar was dele wat oorgeplant moes word en baie laat in die seisoen het hulle nog pitte ingesit. Ons het vertrou dat die ryp nie so vroeg sou kom nie, en soos ons nou ervaar is dit al in Julie en wag ons steeds vir dele wat te nat is om te stroop. Die ryp het laat gekom. Daar is 'n pragtige oes op die land en ons kyk uit wat Hy vir ons gaan gee om nog in te samel.

Ons kon aan Hom vashou

Deur die hele tyd, kon ons net aan Hom vashou, omdat Hy geweet het van elke beproewing. Met die prys wat so mooi gestyg het, kan ons net weer in nederigheid buig voor ’n getroue God wat nooit sy kinders teleurstel nie.

Ons kon kos koop om diere te voed en ooie het tweelinge gelam

Deur die droogte was Hy getrou en kon ons ook voere aankoop om die diere te voed. Ons moes ook van die beeste verminder, maar die ooie het baie tweelinge gelam wat uitsonderlik was.

1 Petrus 1:7 Verheug julle!

Ek wil sluit met 1 Pet 1:7 ... “Verheug julle, al word julle nou – as dit nodig is – vir ‘n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus”.
Hierdie dinge is nodig om ons geloof sterk te maak.

Psalm 55:22 “Werp jou sorg op die Here en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie”.

Ons gesin bring eer aan die Here

Ons as gesin, bring aan die Here al die eer vir Sy getrouheid gedurende die baie moeilike jaar. Alle eer aan Hom.

Liefdegroete
Willie en Gerty Harmse.
Bothaville, Suid Afrika

Dolf Naudé se Getuienis - Junie 2016

Drie jaar droogte

In 2013 het ek een oggend wakker geword en in my gees geweet dat daar vir 3 jaar droogte gaan wees.

Die eerste jaar was droog, die tweede jaar was toe nie so droog nie, maar die Here het ons elke jaar gelei om te plant en die lande vol te bemes en so bewys Hy Sy goedheid. Dat Hy ten midde van al die droogtes en te midde van baie omstandighede ons gelei het.
Die Here sal die mens lei, dis nie te sê dat … elke liewe Christin word deur die Here op 'n ander manier gelei, vir die een sal Hy sê : "*Jy moet plant*", vir die ander een sal Hy sê: "*Jy moet nie plant nie*", en daar is ook baie ander getuienisse van mense wat die droogtes deurgemaak het wat nie geplant het nie, vir wie die Here ook op ander maniere gehelp het.

Die moeilikste seisoene beleef op die plaas

Ek wil net die aanloop begin om te sê, 2015, 2016 was seker een van die moeilikste seisoene wat ons nog beleef het, almal praat altyd van die 1991 droogte en die 1983 droogte en so gaan hulle terug, en die 1960's droogte en die 1930's droogte, almal wat in die dertigs gelewe het, het gesê hierdie een is die ergste, want ek meen dit was 'n landswye droogte, dit was nie net in die Noord-Wes Vrystaat nie.

Lande goed voorberei maar die reën bly weg

Wat vir my baie opvallend was, ek meen hier in Novembermaand 2015, luister ek radio en hulle sê die karre moet tog versigtig ry daar's 'n stofstorm naby Harrismith, ek wonder of daar al ooit stofstorms in Harrismith was? Dis mos gebiede wat baie reën kry en wat baie veld het.
Dit het September op 'n paar plekke 'n bietjie gereën, 40mm of 50mm en vandaar af het dit nooit weer gereën nie. Oktober 2015 het gekom en gegaan, November 2015 het gekom en gegaan en ons het klaar "gerip", 90% van die kunsmis klaar ingesit. Omdat ons net met 10% kunsmis plant en ons 90% voor die tyd insit, het ons nooit gevoel dat ons nie geplant sou

kry nie. Dis ook ’n teken van geloof, lankal in die winter dan sit ons klaar die kunsmis in, ons wag nie eers vir die reën om die kunsmis in te sit nie want daar is baie positiewe resultate as jy jou kunsmis so lank voor die tyd insit.

Oktober 2015 het gekom en gegaan, dit was net stofstorm, op stofstorm, op stofstorm. November 2015 het gekom en gegaan, stofstorm op stofstorm. Ons mikpunt is altyd om die 16de Desember, dan moet die laaste mielies op wees - klaar gerol wees - dis nog al die jare ons mikpunt. En Dingaansdag het gekom en gegaan en dit het nie gereën nie.

Besorgdheid oor werksmense

Gewoonlik tussen “*Dingaansdag*” en Kersfees dan reën dit bietjie en telkemale het ek en Burgert en Stoffel saam die Here aangeroep en gevra vir reën, want ons het geweet ons het ’n groot span mense wat saam met ons werk. Vyf of ses wit gesinne en ’n klomp swart mense en ons het dit voor die Here gebring en gesê: “*Here hier is ons, as ons nie kan plant nie, sal ons nie in die posisie wees om die klomp mense te kan aanhou nie*”.
Ons kan dit moontlik nog maak, maar wat van al die mense wat ons sal moet afdank. Hoe kan jy jou besigheid oophou sonder enige inkomste? Dis so ’n Winkel moet sy goed verkoop vir ’n jaar en hulle mag nie inkomste kry van dit nie, dieselfde met ons, die goed is klaar in die grond ingesit.

As familie saam gebid

Ons as familie: my ma-hulle, Francois, Brugert, Eddie en Eduan-hulle het sommer daar by Aldam-Vakansieoord gaan Kersfees hou sodat ons sommer naby die plase is as dit dalk sou reën. Daar het ons elke aand, voordat ons gaan slaap het, die Here aangeroep vir reën. Elke keer as ons gebid het, het ons nooit getwyfel nie, ons het net geweet ons sal nog plant.

Dolf kry Skrif van die Heer

Die Skrif wat ek gekry het toe ons daar by Aldam was: “*Welgeluksalig is die mens wat op die Here se goedertierenheid vertrou”*. En dit het vir my rustigheid gebring, want ek het besef dat ons gelukkig sal wees as ons op Hom vertrou.

Dolf gaan kort op mark

Dit was naderhand Kersfees, en dit het net nie gereën nie. Met my eie geld het ek “puts” gaan koop, (dis op die SAFEX mark). Dit is op die mark sodat as dit reën, dan gaan die prys val , dan sal ek geld gemaak het, so ons posisies wat Estador ingeneem het was ons kort gewees, so dit sê ons het geen agterdeur oopgelos nie. Ons het nie gesê, dit gaan nie reën nie, ons bly lank in die mark, so ons het ons geld en ons mond en alles gesit waar ons hart is. Alles is in daardie rigting dat dit net sou reën, dit was soos die Rooi see, links is berge, regs is berge, dis net vorentoe, daar was geen ander uitkoms nie.

Ons familie was by Aldam en ons het elke aand gebid en gebid en die Here gevra vir reën, dat Hy vir ons sal uitkoms gee en dit het net nie gereën nie.

Nuwejaar begin - almal moedeloos

Op die 5de Januarie 2016 het ons teruggekom. Al die mense was met verlof en die Maandagoggend het ons daar om die store geloop. Die stofstorm het weer gewaai en almal het besef maar dit is nou eintlik verby, al die werksmense, die witmense wat daar gewerk het, almal is moedeloos want almal het geweet daar kom nie inkomste nie, dis eintlik te laat.

Ontvang SMS van Tannie Chrissie

Ek wil net so bietjie teruggaan, die Sondag het tannie Chrissie vir ons 'n boodskap gestuur en gevra ons moet bid, van ons familie gaan in die droë grond plant en toe my broer Burgert vir my die SMS lees, was ek verskriklik opgewonde gewees en ek het net geweet dat dit ons tyd is vir 'n wonderwerk.
Ek weet dat die Here nie kleinkinders en agterkleinkinders het nie! Hy het net kinders, en ek wil graag dit wat my oupa-hulle ervaar het, en dit wat my pa ervaar het, ook graag eerstehands ervaar dat ek my eie storie kan vertel.
Dit was die warmste Desember 2015 - Januariemaand 2016 wat die Vrystaat nog gehad het, die toestande was net, jy gaan droogmaak as jy plant.

Burgert, Stoffel & ek hou vergadering

Op die 5de Januarie 2016 het ek, Burgert my broer en Stoffel ons mede boer/vennoot vergader om te bespreek wat gaan ons doen vir die jaar vorentoe. Dis groot besluite en groot geld en goeters en ons het toe maar besef dat 90% van die werk klaar gedoen is. Ons het gerip, kunsmis gegooi, al wat ons nog moet doen, ons moet nog net plant en gelukkig het die prys van mielies, soos wat die droogte aangehou het net opgegaan, en opgegaan en dit was ook 'n motivering vir ons om te plant.

Dolf maak die voorstel om te plant

Ons was daar by Stoffel se huis bymekaar en ek het die voorstel gemaak, hoekom plant ons nie so 150 hektaar en as ons dit klaar geplant het dan praat ons weer.
Die beginsel wat ek geleer het in die lewe: *As jy nie weet wat om te doen nie, doen iets dan*

sal jy vrede kry of onvrede kry. Die Here kan nie niks seën nie, maar Hy kan 'n poging seën".

Soos gesê, ek het die voorstel gemaak aan Burgert en Stoffel dat ons 150 hektaar plant en dat ons die droogste lande soek, nie melerig nie en daar eerste plant. Ons wou net seker gemaak het dat ons in kurkdroë grond plant.

Begin plant in droë grond

Ons het toe begin, ek het 'n videotjie afgeneem waar ons begin het, waar ons die saad in die droë grond gesit het, as jy grou en jy grou dieper dan rol die pit sommer dieper in die sand in soos in die woestyn.

Ons het begin en die Here gevra Hy moet ons werk seën. Ons was ook by ons kerk en pastore gewees en gevra hulle moet saam met ons bid dat die Here ons geloof sal eer en ons het toe Dinsdagoggend die 6de Januarie 2016 begin plant.

Hittegraad van 44 grade in bakkie gemeet, plant in stofstorms

Dit was baie, baie snaaks vir die wit werksmense en die swart mense want, ek meen dis 100% teenoor wat ons altyd doen. Ons het toe sommer vinnig die 150 hektaar klaar geplant, dit was een blokkie by Filipie en toe moes ons besluit gaan ons aan of nie, want weet jy, die stof het so gewaai.
Die eerste dag na ons geplant het, het ek 'n rekord hittegraad op my bakkie se temperatuur gemeet - 44 grade. Ek het naderhand gedink die mieliepitte gaan doodbrand en die volgende dag het ons weer vrede gehad om aan te gaan om te plant.
Ons het toe bly plant in die stofstorms, daar was tye wat ons geplant het dat jy nie eers 10 meter voor die trekker kon sien nie, gelukkig plant ons met GPS'e. Ons het die trekkers uitmekaar uit laat plant, want ek meen jy sal letterlik mekaar raakry binne die land, so waai die stof. Die GPS bestuur gelukkig self die trekker.

Dolf spreek die werkers wat plant aan

Op 'n kol toe sien ek maar die mense wat plant hulle voeter net voort, toe het ek hulle gestop en gesê: "*Moenie net voort voeter nie, ons plant 'n mielieoes wat gaan opkom hier*".
Dis so belaglik dat hulle gesê het: "*Aag, dit sal in elk geval nie werk nie, hoekom moet ons nou ordentlik plant*"?
Ek het vir hulle gesê: "*Ons vertrou die Here hier vir 'n oes, dit moet ordentlik gedoen word*".

800 hektaar geplant en God se vrede gevoel

Op die einde, snaaks genoeg, het ons so oor die 800 hektaar in die kurk, kurkdroë grond geplant.
Mense het verby gery dan sê hulle ons vat kanse, ons terg die Here, dis net Angus Buchan wat sulke goed kan doen. Maar in my hart het ek geweet dat die Here nie 'n aannemer van die persoon is nie, maar dat Hy 'n Waarmaker van Sy Woord is!!!

Gelukkig het ek die dag toe ons klaar geplant het, in my geestesoog gesien dat die Here baie tevrede is met dit wat ons gedoen het, dat ons Hom geëer het en gedoen het wat ons in ons harte gevind het om te doen.
Dit was nie ons goedheid nie, die Here is 'n Waarmaker van sy Woord as jy Hom vertrou dan kom Hy deur vir jou. Hy is 'n Waarmaker van Sy beginsels, nie wat jy goed of reg doen nie.

Ons kinders bid saam

Ek dink dit was vir al ons kinders wat deur hierdie proses gegaan het, 'n goeie geloofstoets gewees . Ons het een tot twee maal per week, daar op ons knieë, daar op die droë grond wat gebrand het en tussen die dubbeltjies, die Here aangeroep, Burgert se kinders, my kinders en Stoffel se kinders.
My seun Dolf het altyd gebid vir baie reën, hy het al gesien ons bid vir reën dan reën dit net 5 mm, dan sê hy: "*Julle moes vir baie gevra het*". Elke keer as Dolf gebid het vir baie reën dan het Burgert gesê: *"Amen, Amen dis reg*", dis wat hy ook in sy hart voel.

Die eerste reën het gekom

Die mielies het omtrent so 10-11 dae onder die grond gelê in die droë lande, (gewoonlik vat dit so 6 dae om op te kom, so die 7de dag kan jy die rytjies sien).
Burgert was die aand by Groblershoop en was so by half 9 die aand, toe bel die wagte my om te sê, ons stoor se alarm het afgegaan oor die vreeslike wind wat gewaai het. Toe is ek skoon moedeloos want ek weet as die wind so verskriklik waai dan gaan die stoor se alarm aan.
Adone, my oudste dogter het saam met my gery en snaaks genoeg toe ek daar by die stoor stop, toe sak daar 'n bui reen uit. Presies oor die lande wat ons in die droë grond geplant het... so 10 tot 12 dae nadat ons geplant het, toe val daar 'n bui reën van 18 mm. Ek sal nooit vergeet Adone het van blydskap in trane uitgebars.
Ons het by die huis gekom en Nokkie vra: "*Wat gaan aan, het sy seergekry*"?
Toe sê sy: "*Ma ek het van opgewondenheid gehuil,*" dat sy met haar eie oë kon sien dat die Here vir ons voorsien was vir haar wonderlik.
Almal wat boere is sal weet, 18mm reën op lande wat 50 cm droog is, daar is net 5 tot 10 mm onder die pit wat dit nat is. So die eerste deurbraak het gekom, dit het gereën, die volgende wonderwerk het gebeur dat ons daardie 800 hektaar met twee rollers betyds kon rol.

Dankbaar vir ons werkers

Baie dankbaar vir al die werkers wat vir ons werk: Peet, Henro, Karl, Hennie en hulle almal het deur die nag gewerk om daardie goed te rol; ons was geseënd gewees, geen breuke gekry nie en daar kom die mielies toe wonderlik op.

Byl nog oor ons kop

Maar die byl hang nog steeds oor jou kop want as dit nie weer binne een week reën nie, dan verdroog daardie mielies want dit het net 10 mm onder vog. Ek het die mielies spesiaal vlak geplant dat die goed net kan opkom en elke keer as ons daar in die lande ry, dan is dit 'n geval van as hulle nie more reën kry nie, dan is hulle dood.

Dankbaar vir bidders!

Baie dankbaar, ons het ook baie bidders gehad wat saam met ons gebid het, tannie Maryna, tannie Sue, Tannie Chrissie-hulle en tannie Stella - mense wat saam met ons kom vertrou het toe die mielietjies soos 'n Coke-blikkie hoog was.

Ons seuntjie Tallies

Ek wil net vertel van my klein seuntjie Tallies. Elke keer wat ons daar is, ons het een plek gehad waar ons gebid het en wanneer ons daar verby ry, dan vra hy: "*Pappa gaan ons bid*?"
Dan sê ek: "*Ja, partykeer 3 maal 'n dag".*
As ons daar verby ry dan sê ek: "*Tallies kom ons bid*".
Dan sê hy: "*Pappa moet ons weer bid?*"
Dan sê ek: "*Ja, ons moet weer bid*".
Hy het naderhand elke keer as ons vir die kos bid, dan bid hy vir die reën.
As ons sê: "*Tallies bid vir die kos*",
Dan sê hy: "*Dankie Jesus vir die reën, amen*".
So voor ons gaan slaap dan sê ek: "*Tallies kom ons bid vir mamma*."
Dan sê hy: "*Dankie Jesus vir die reën*", dis al waarvoor hy geweet het om te bid, hy het niks anderste geweet nie. Nog ietsie van Tallies, hy was 3 jaar oud daardie tyd.

In Septembermaand het ons 'n bietjie mielies geplant wat toe opgekom het, maar hulle was nie baie mooi nie, net so kniehoogte geword en niks hoër gegroei nie en Tallies het geweet dat dit nie mooi lyk nie en op 'n dag, einde Januarie, toe was dit weereens die geval. Ek meen as ons nie more reën kry nie, dan vrek die mielies, nou weet jy as jy gaan grou, daar is net nie vog nie, die goed het amper nou van die dou van die aarde gelewe en op 'n dag is daar weer 'n stofstorm daaroor, en ek meen dis nie maklik vir 'n boer as jy alles probeer en die wind waai die goed ook weg nie. Tallies het sy hand so op my skouer gesit en vir my gesê: "Pappa die Here sê: "*Hierdie mielies sal nie lyk soos daardie by Groenfontein nie.*"
Hy het nooit van die Here gepraat, dat hy nie sy hand op my skouer sit nie en profeteer en sê dat die Here sê; hierdie mielies sal beter lyk as daardie mielies wat net so knie-hoogte gegroei het.

Klein Dolfie vertel, ons sit in die bakkie en hy sit alleen agterop die bakkie en hy steek sy hand so uit oor die lande, toe neem ek toevallig toe 'n foto en dit klink of hy in tale bid, *"...reën ...reën ..reën"*.

Bid vir finale deurbraak en dit gebeur

Dis nou soos wanneer jy vir iemand bid wat dodelik siek is, dis nie woeps daar het dit gereën en die mielies groei, nadat dit opgekom het nie. Ek meen al was die mielies daar het ons nog steeds gevoel die deurbraak is nog nie daar nie, dit is nog droog, lugvog is droog, die mielies moet nog groot word.
Maar almal het geglo as die Here reën gestuur het dat dit opkom, dan sal Hy ook reën voorsien dat dit nie verdroog nie.
Ek kan nie presies onthou nie, maar ek dink die tweede week in Februarie 2016 word ek een nag wakker toe sous dit dat die water by ons sitkamer inloop - strome. Nokkie spring toe op en sê ek moet dadelik kom maar ek sê, man ek lê hier in die bed, ek is so bly vir die reën, ek gaan nie nou hardloop en skoonmaak nie, ek meen met daardie reën wat nou geval het kan ons drie nuwe huise bou, nou kan die hele huis maar verspoel, dit gaan nie saak maak nie, daardie reën het ons so nodig.

Net by ons gereën!

Een en half kilometer agter ons het die reën begin, daardie 60mm en hy het oor ons gereën. Honderd meter aan die Noorde wenakker en die Suidekant het die reën op die grondpad gestop.
Aan die anderkant van die grondpad het dit 5mm gereën. Dit het 60mm gereën, dit het ons panne vol water gereën, dat daar nou na 4-5 maande nog water is. Ons reënmeters het 60mm gemeet, maar dit kon maklik 100mm ook gereën het. Daardie panne het seker 4 jaar laas water gehad, waar nou nog water in staan.

Prys die Here, die finale deurbraak het gekom

Daardie oggend het ek gevoel die deurbraak het gekom. Hoekom een kilometer agter jou, 100m van waar jou mielies stop; stop dit om te reën tussen 60mm en 80 mm reën wat ons toe gehad het op die mielies? Toe het ons gevoel die deurbraak het gekom .
Voor die reën was die mielies so kniehoogte gewees, en in daardie tyd soek mielies rêrig reën, toe het ons nou wonderlike reën gehad en ons het die Here gedank daarvoor, maar dit was nog nie die einde gewees nie, want die ryp moet nog wegbly. Ek meen as daardie mielies in Aprilmaand 2016 ryp kry, dan kan ons tot 50% oesverlies kry as gevolg van die koue.

Oom Angus Buchan bid by die Bloemfonteinbyeenkoms van boere

Daar wil ek net ook dankie sê vir Oom Angus Bachan dat hy die Here vertrou het dat die Here die seisoen met twee maande sal aanskuif. Hy was in Bloemfontein en het saam met ’n klomp boere gebid.
Hy het saam met ons vertrou, hy het eers ’n uur en ’n half gepraat oor jou saligheid en jou verhoudings en gesê as ons al daardie goed reggemaak het, dan sal ons die Here vra vir reën. Dit was skrikwekkend om te sien hoe min boere daar was, so asof die mense klaar handdoek ingegooi het!

Maak nie saak wie is jy of wat is jy nie, ons moes die Here aangeroep het. Ek wonder of daar 500 boere was, ek het gemeen daar moes 20,000 gewees het, almal is van die reën afhanklik, maar daar het ek geweet die Here is in die prentjie. Ons is dankbaar – later in Aprilmaand 2016 het ons twee keer 0 grade gehad en die ryp het weggebly.
Tannie Sue was ook daar en het ook ervaar dat die Here sal gee dat die ryp sal verby trek en dat dit die Here se oes is dat Hy dit sal beskerm.

Eer aan die Heer vir vier wonderwerke

Die eerste wonderwerk is dat ons reën gekry het; dat die mielies kon opkom.
Die tweede wonderwerk dat die mielies daardie maand aan die lewe gebly het van dou.
Die derde wonderwerk, daardie 60mm tot 100mm wat ons gehad het wat letterlik net op ons mielies geval het.
Die vierdede wonderwerk dat die ryp weggebly het.

Oes skatting

Monsanto se verteenwoordiger was daar gewees. Hy het ’n oes skatting gedoen en dit lyk vir hom dat op ’n baie groot deel van daardie 800 hektaar gaan ons so **4 tot 4.6 ton** mielies stroop. Vir hierdie jaar, dis ’n aartappel inkomste op ’n mielieoes met die verskriklike prys van +/- R4,500 se mielieprys.
So dit wys ’n mens net as ’n mens die Here vertrou, in ’n jaar wat totaal en al lyk na ’n rampjaar, gaan dit miskien die beste jaar wees wat ons nog ooit in die boerdery beleef het

met die hoë prys omdat dit nie op ander plekke gereën het nie, en nie baie boere geplant het nie. So ek meen daardie skrif wat sê, die Here se gedagtes is ver bo wat enige mens kan dink, jy kan nie alles uitwerk voor die tyd nie want as jy nou met jou kop uitwerk moes jy nie geplant het nie en daar plant ons, en ons doen wat ons kan doen, ons doen die moontlike en Hy doen die onmoontlike en daar gebeur die wonderwerk.

Bord opgesit in die land

Ek het ook in my hart gevoel, ons mielies was baie, baie mooi daar langs die teerpad en ons het besluit om 'n bord 3 x2.4 meter te maak met 'n groot kruis daarop en 'n man wat sy hande in die lug opgooi wat sê: "***Alle eer aan God!***"

Ons weet ook dat God baie gesteld is op Sy eer en dat Hy Sy eer met niemand deel nie. Al die eer aan God vir die Groot wonderwerk.

Dit was voor Nampo Landbouskou en daar het duisende karre verby gery en ons het baie goeie terugvoer gekry van mense wat dit gesien het.

Wonderwerk, getuienis ook vir ons kinders & ander boere

En ek dink dis vir ons bure en die ander mense wat saam met ons vertrou het ook 'n groot wonderwerk en vir myself om my eie storie te kan vertel hoe die Here vir ons voorsien en ook vir ons kinders wat deel was van dit, van Oktobermaand 2015 af wat ons die Here

vertrou het deur die stofstorms, dat hulle ook kan sien, dis nie altyd maklik nie. Jy moet net uithou al lyk die omstandighede nie of dit gaan werk nie, ek meen na ons geplant het, het dit nog steeds nie gelyk of dit gaan werk nie, maar die Here was getrou, soos ek alreeds gesê het. Hy is nie ’n aannemer van die persoon nie, Hy is ’n Waarmaker van Sy Woord en Hy sê: “*As jy op Hom vertrou dan sal Hy jou uithelp*”.
Ek wil sê vir almal wat in ’n situasie is wat dit lyk of dit nie gaan uitwerk nie, bly naby die Here en ek glo met my hele hart dat die Here dit sal uitwerk.
Soos Moses ook voor die Rooisee gekom het daar was geen ander opsie nie, aan die linkerkant was daar berge en aan die regterkant was daar afgronde, daar was net een opsie. Daar’s ’n spreekwoord wat sê: “*Jy is op ’n goeie plek as net die Here jou kan help*”.

Die Here sal ons lei waar ons Sy deel moet gee

Dis ook vir ons ’n groot voorreg om te weet wat die Here wil hê wat ons met die geld moet doen, wat daar uitkom, die tiendes, waar ons dit moet gee, en waar ons moet saai, dat Sy Koninkryk werklik sal kom.
Hy het vir ons voorsien en ons het geen mense afgedank nie, ons kon inteendeel vir die mense verhogings gegee het, so ons is baie dankbaar daarvoor.

Oes Septembermaand

Die mielies sal in September 2016 geoes word, dis hoe laat ons geplant het. Normaalweg Novembermaand 2016 plant ons en begin ons stroop einde Mei 2017. Begin Junie soos die boere sê: “Ons het die 85ste Desember geplant hierdie jaar”.
Soos Angus sê, dis ’n “bumper crop”, jy oes nou amper wanneer jy weer moet begin om te plant. Ons is Baie dankbaar ons het toe **4.2 ton gem.** oor 800 hektaar gestroop.
Baie dankie Jesus vir u groot Genade,

Liefdegroete
Dolf, Nokkie en kinders.
Bothaville, Suid Afrika

Klein Dolfie Naudé se Getuienis - Junie 2016

Ek is in Odendaalsrus op skool en speel rugby en ons span se naam is “*Die Ratels*”

Ek is gekies vir rugby vir die onder 14 span, toe is daar ’n groep gestig op WhatsApp vir al die reëlings wat deurgegee moet word.

Meneer vloek op die groep wat gestig is - ek gaan af

Almal het daarop gepraat met mekaar en na'n rukkie toe het die meneer begin praat en hy het gevloek; en toe hy vloek het ek onmiddellik van die groep af onttrek. Toe praat almal nou onder mekaar: "*hoekom het hy nou gegaan*?"
Toe het die kaptein my naderhand gevra hoekom gaan ek nou van die groep af en my geskel en gesê dat ek "*kan mos nou nie dit doen nie, dit is mos nou net'n vloekwoord, wat is nou so erg daaraan*"?

Die groep is ontsteld met my

Toe sê ek, "*nee maar dis nie reg nie, ek dink nie dis die voorbeeld wat ons meneer vir ons moet stel nie*", toe was almal nou baie ontsteld met my gewees. Maar ek is toe van die groep af en die meneer wou ons sommer nie meer afrig nie, hy wou sommer padgegee het, toe het hy dag of twee daarna met my alleen gepraat. Toe sê hy vir my dat hy dink rêrig nie dit was nodig van my nie. Hy kan nie ons meer afrig as ek so optree nie... en toe het hy in sy bakkie geklim en gery .

Ek terug in die span - ander meneer praat met my

Toe het ek gaan oefen en my nie rêrig gesteur aan hulle nie want ek weet dit was nie reg van hom gewees nie. Die ander meneer het my toe geroep en gesê ek moet dit nie persoonlik vat nie, daardie meneer het'n "*slegte dag gehad*".

Ek is terug op die WhatsApp groep

Ek is toe weer terug op die groep, en hulle tel nou hulle woorde, ek is nou die "dominee in die span", sê hulle. Hulle het my toe weer op die groep gesit, ek het nie gesê ek wil terug-kom nie. Hulle het my sommer weer ge-add op die WhatsApp group.

Pa dolf trots op sy seun

Pa Dolf sê dat hy dit waardeer het dat sy seun Dolfie sy standpunt gemaak het dat hy nie saam met die gepeupel gegaan het nie. Pa Dolf sê: "Meneer se kop is nog maar duk met Dolfie".

Liefdegroete
Klein Dolfie Naudé
Odendaalsrus, Suid Afrika

Ter afsluiting…

Ons pragtige land gaan tans deur een van die ergste droogtes op rekord. Die mense van die land ly aand siektes, geweld, korrupsie en worstel met buitengewone persoonlike probleme. Hulle hoop tevergeefs op die regering en wetenskaplikes of enige een wat kans

sien om ’n goeie oplossing te bring. Daar is egter net een Redder wat Sy bonatuurlike hulp kan verleen aan ’n volk in uiterste nood - sy naam is Jesus Christus.

Psalm 146: 3 – 9 NLV waarsku ons met erns: *“Moenie op magtiges vertrou, of op mense wat nie kan red nie. Sy asem hou op, en hy word weer grond. Skielik kom al sy planne tot ’n einde. Gelukkig is hy wie se hulp die God van Jakob is, wat sy hoop vestig op die Here sy God wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles daarin, en wat altyd sy beloftes nakom; wat reg laat geskied aan verdruktes, en kos gee vir dié wat honger is. Die Here bevry die gevangenes. Die Here laat die blindes weer sien. Die Here ondersteun dié wat swaarkry. Die Here het die regverdiges lief. Die Here beskerm die vreemdelinge. Hy ondersteun weeskinders en weduwees, maar die pad van bose mense maak Hy skeef.”*

God het jou geskape met die doel om Hom te dien en om in ’n lewende verhouding met Hom te staan, maar sonde verhoed en verbrokkel hierdie moontlikheid. Dit is noodsaaklik om die Here toe te laat om iets nuuts in jou lewe en in jou hart te doen. Hy wil jou ’n nuwe skepping maak en jou verlos van sonde en smart, sodat jy in ’n verhouding met Hom kan staan. Sy hartsbegeerte is om Sy liefde en Sy grootheid aan jou te openbaar.

Jesus Christus het gesterf juis vir hierdie rede; Hy het die skuldlas op Sy eie skouers geneem sodat jy vrye toegang tot die Vader kan hê en ’n lewende verhouding met Hom kan hê. Hy het alle sondes oorwin en vergewe, sodat jy ’n nuwe skepping kan word, ’n nuwe mens wat lewe vir die waarheid en wat dood is vir sonde. Dit is duidelik dat Suid-Afrikaners desperaat is vir ’n verlosser om ons te red uit die omstandighede waarin ons onsself bevind.

“Want wat die sonde uitbetaal, is die dood. Maar God se genadegeskenk is die ewige lewe wat ons deel word deur Christus Jesus ons Here!” Romeine 6:23 NLV.

Wat is sonde? Sonde is enige iets wat jou verhoed om gehoorsaam te wees aan die Here. Nou is dit die tyd om al jou sonde, gebrokenheid en smart aan die Here te oorhandig en te glo dat Hy jou sal verlos. Geen mens kan sonde beheer of onderdruk nie, maar Jesus kan jou ‘n nuwe skepping maak. Die Here verwag dat ons in Sy Seun glo, Hom aanvaar as ons Redder, ons sondes bely en ons gebrokenheid aan Hom oorhandig, dan sal Hy ons vergewe en ons genees en ons ‘n nuwe skepping maak. Ons kan dit nie uit ons eie verrig nie, maar Jesus het die weg gemaak en Hy kan die verlossing in jou hart bring as jy hom net vra.

Johannes 3:15 – 17 NLV sê vir ons: *“Elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom verlos kan word.”*

VRA DIE HERE OM JOU TE HELP OM HIERDIE OOR JOU LEWE TE BID!

Here Jesus, Ek erken my behoefte om in 'n verhouding met U te staan en ek aanvaar U as my Verlosser: My Verlosser, my Here en my Redder.
Vergewe my sondes teen U.
Ek nooi U nou om die Here van my hele lewe te wees:
Here van my gedagtes en my houding en geestesgesondheid en onderbewussyn;
Heer van my liggaam en my fisiese gesondheid;
Heer van my gees en al my aanbidding;
Heer van my familie en al my verhoudings;
Heer van my seksualiteit en uitdrukking daarvan;
Heer van my werk en diens vir U;
Here van al my finansies;
Here van al my materiële goedere en behoeftes;
Here van al my emosies en al my reaksies;
Here van my wil en besluite;
Heer van my verwagtinge;
Here van die wyse en tydsberekening van my dood;
Dankie vir U bloed wat uitgestort is om my te bevry.
Amen

Miskien sê jy dit is alles goed en wel, maar wat van ons droogte: Wat van ons familie en die mense van Suid Afrika, wat van al ons diere wat ook daaronder ly?

Onthou jy die getuienisse in hierdie boekie? Die boere en hulle families stap saam in verhouding met die Here. Hierdie boere het op die Here gewag en Hom vertrou om te antwoord. Hulle het geluister na Sy stem en Sy leiding stap vir stap gevolg, en die Here het hulle glad nie teleurgestel nie.

As dit is wat die Here vir hulle kan doen – dan sal die Here dit vir jou ook doen. Dien Hom met jou hele hart – en vertrou op Hom om jou lewe en huishouding en plaasbesigheid te regeer. Hy alleen kan hopelose omstandighede in iets beter verander.

En onthou...

- Loof en prys die Here in alle omstandighede, soek na 'n Christin om jou te doop in water, soos Jesus ook gedoop is.
- Vra Jesus om jou te vul met sy Heilige Gees en leer meer oor Sy karakter deur daagliks Bybel lees – sodat jy Sy stem sal ken en kan onderskei wanneer Satan aan jou deur kom klop met die doel om jou geloof in Hom af te breek.
- Vertel aan ander om Jesus te volg en onthou om Hom al die eer te gee wanneer Hy jou gebede beantwoord.
- Onthou om Hom te loof en prys die dag as Hy vir jou deurkom in moeilike omstandighede.

Levitikus 26: 3 – 13 NLV

"As julle my reëls nakom en my gebooie noukeurig gehoorsaam, sal Ek dit laat reën op die regte tyd. Die land sal dan sy opbrengs lewer en die bome sal vrugte dra. Julle sal graan oes totdat dit tyd is vir die druiwe-oes. Julle druiwe-oes sal weer duur totdat dit tyd is om graan te plant. Julle sal genoeg hê om te eet en in veiligheid in die land woon.

"Ek sal vir julle vrede gee in die land en julle sal gaan slaap sonder om bang te wees. Ek sal die wilde diere uit julle land wegneem en julle van julle vyande bewaar. Om die waarheid te sê, julle sal julle vyande agtervolg en hulle met julle swaarde vernietig. Net vyf van julle sal 100 agtervolg en 100 van julle sal 10 000 agtervolg. Al julle vyande sal onder julle wapens tot 'n val kom.

"Ek sal julle my guns bewys, Ek sal julle baie laat word en Ek sal my verbond met julle nakom. Julle sal so 'n surplus oesopbrengste hê dat julle van die vorige jaar se oes sal moet ontslae raak om plek te maak vir die nuwe oes. Ek sal by julle woon en Ek sal My nie vir julle skaam nie. Ek sal by julle wees, Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees.

"Ek, die Here, is julle God wat julle uit Egipte gebring het sodat julle nie langer meer slawe hoef te wees nie. Ek het die juk van slawerny van julle nekke afgehaal sodat julle vry kan wees en kop omhoog kan loop."

Exodus 22:28 NLV

"Moenie lasterlik teen God optree nie. Moenie die leiers van die volk vloek nie".

Matteus 22: 37 – 40 NLV

Jesus se antwoord was: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en belangrikste opdrag. Die tweede, ewe belangrike opdrag is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Al die ander vereistes van die wet en die profete berus op hierdie twee gebooie."

Markus 12: 29 – 31 NLV

Jesus het hom geantwoord: "Die belangrikste gebod is die volgende: Luister, O Israel, die Here ons God is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou ganse siel, met jou totale verstand en met al jou krag. Die tweede gebod is net so belangrik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie twee vorm saam die allerbelangrikste opdrag."